Sondag 2 Augustus
Skrifgedeelte: Psalm 37 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 37:17 (AFR2020)

## Wag op die Here, want Hy is regverdig

Die eerste woord van elke tweede vers van Psalm 37 begin met 'n volgende letter van die Hebreeuse alfabet. Hierdie uniekheid word in die 2020-Vertaling vir ons aangetoon met opskrifte bo elke tweede vers. Die struktuur wys dat die inhoud van die psalm ten doel het om ons onderrig te gee, want die gebruik van opvolgende letters was 'n memoriseringshulp.

Die oorhoofse tema van die spreuke in Psalm 37 is dat die HERE die God van geregtigheid is. 22 spreuke belig hierdie waarheid uit verskillende hoeke (daar is 22 letters in die Hebreeuse alfabet). Die HERE sal reg laat geskied, al voel dit vir ons so lank voor dit gebeur. In Eksodus 34 het die HERE Homself immers geopenbaar as 'n lankmoedige (geduldige) God.

In die Nuwe Testament kry ons die perspektief dat Jesus God se geregtigheid vir ons sondes is. Op God se tyd het Hy sy Seun na hierdie wêreld gestuur om vir ons sondes te sterf. Ná Hy sy versoeningswerk afgehandel het, het Hy opgevaar na die hemel, van waar ons Hom terug verwag om hulle wat Hom verwerp, te kom oordeel.

Die wysheid wat ons in vers 7 leer is dat ons, wanneer ons onreg sien en beleef, stil moet wees voor die HERE. Ons bring dit voor Hom in gebed en weet dat Hy weet. Ons wag op Hom. Ons kan rustigheid hê in die wete dat ons HERE alles raaksien. Hy weet van alles. Hy gee tyd vir inkeer en terugkeer tot Hom.

Weet, alle ongeregtigheid wat nie in Jesus versoen is nie, sal op die laaste dag regverdig deur Hom geoordeel word. Bekeer jou voor dit te laat is. Word stil in Jesus voor God. Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val.

*Sing: Psalm 37-1:1, 2, 4, 5*

*Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)*